

Gereformeerde Kerk Bellville – 14 Oktober 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 27:4, 6 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / “O soek die HEER, die bron van lig en krag.”
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

- 6 As ek op aard, deur soveel smart omgewe, / omring deur droefenis en dood en rou,
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe / die goeie van Gods hand nog sal aanskou –
dan het ek lankal in my druk versmag. / Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!
Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk, / Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 113:1, 2 (p. 559)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!

- 2 Die HEER wat in die hemel woon, / wat bo die wêreldvolke troon,
is hoog, met heerlijkheid omgewe. / Ja, wie is hoog soos onse HEER
Nogtans sien Hy genadig neer / op wie voor Hom in kleinheid lewe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 69:3, 5 (p. 342) (tweede melodie Ps 59)

- 3 Voor U alleen wil 'k skuld bely. / My dwaasheid, ag, die klaag my aan.
Maar laat om my beskaamd nooit staan / wie op U wag. U weet ek ly
en dra my smaad geduldig-stil / om U, o HEER, om U ontwil!

- 5 Ek kwel my siel met vas en ween, / maar dit het my tot smaad geword;
met sakkleed het ek my omgord, / maar is 'n spot vir iedereen.
Die praters praat op straat van my, / en dronkaards sing hul lied daarby.

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Matteus 6:1-18; Jesaja 58:1-12

Kernverse: Matteus 6:16-18

En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig, sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.
(Matteus 6:16-18 AFR53)

Tema: Selfondersoek, berou en bekering sodat mense jou moet sien of God?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die reeks prediking uit Matteus 6 het ons nou al gehoor hoe Christelike barmhartigheid moet wees teenoor die geveinsdes of huigelaars se barmhartigheid. 'n Christen bewys barmhartigheid om aan God die eer te bring en sy naaste te dien terwyl die huigelaar barmhartigheid bewys sodat mense hom moet raaksien en hulle hom kan eer. Ons het ook gehoor hoe 'n Christelike gebed moet wees teenoor die huigelaars se gebede. 'n Christen bid omdat hy God deur gebed opsoek en met Hom wil praat, terwyl die huigelaar bid sodat mense hom kan sien en hoor en die mense hom kan prys.

Nou kom ons Here Jesus by 'n derde godsdienstige plig wat algemeen onder die gelowiges tuis hoort, naamlik om te vas. Wanneer 'n mens vas, is 'n mens hoofsaaklik besig om jouself te verdiep in die Here en in jou verhouding met Hom. 'n Christen wil deur middel van die Bybel in homself inkyk om homself te sien soos wat God hom sien, daarom vas hy. 'n Mens vas dus wanneer jy ernstig en noukeurig jou verhouding met God ondersoek. Daarom is vas 'n saak tussen jou en God sodat jou optrede na buite teenoor die Here en teenoor mense reggestel kan word omdat dit verkeerd gegaan het.

Maar soos met die gebed en barmhartigheid het die Fariseërs ook hierdie derde godsdienstige plig tot hulle eie voordeel misbruik. Wanneer hulle vas, sê Jesus, loop hulle met lang gesigte rond sodat die mense kan sien dat hulle vas. Die Fariseërs wil hê die mense moet sien dat hulle nou besig is om hulle verhouding met God te ondersoek sodat die mense kan sien hoe ernstig hulle oor hulle verhouding met God is.

Jesus veroordeel hierdie manier van vas, want vir die Fariseërs gaan dit daaroor dat die mense 'n goeie opinie van hulle moet hê. In plaas daarvan moet die Fariseërs eerder bewus bly van God en God se almag en alwetendheid. Maar nou is hulle selfbewus. En dan gaan hulle ook nog sover om met hulle gereelde vas by die Here te spog en selfs met die Here te onderhandel. Here, ek vas darem twee maal per week, het die Fariseër gebid (Luk 18:12). Daarmee wou hy hê dat die Here hom gunstig sal aansien en hom sal aanneem omdat hy so voorbeeldig is.

Dit gaan nie oor wat mense van jou dink nie, sê Jesus. Wanneer 'n mens godsdienstige pligte uitvoer sodat mense 'n goeie opinie van jou sal hê, is jy skynheilig. Jy gee voor om heilig te wees. Jy gee voor om 'n intiem en persoonlike verhouding met God te hê, maar diep binne-in is jy eintlik selfbewus. Gebed, barmhartigheid en vas is godsdienstige pligte wat gedoen word om die Here te dien, want Hy is God en ons is hierdie dinge aan God ver-skuldig. Ons verdien nie iets by die Here met ons godsdienstige pligte nie, ons dien Hom daarmee om aan Hom die eer te gee wat ons aan Hom verskuldig is.

Om agter te kom hoe ons die Here dien wanneer ons vas, is dit nodig dat ons na die volgende sake sal kyk:

- Wat is vas
- Hoekom vas 'n mens
- Hoe vas 'n mens

Wanneer die Heilige Gees vir ons hierdie dinge oopgemaak het, behoort ons ook te weet of ons as Christene vandag nog moet vas.

Broers, susters en kinders, wanneer ons hoor van iemand wat vas, dink ons gewoonlik aan die Jode of die Moslems. Dit is mos hulle wat vas en nie Christene nie. Of nee, sal iemand sê, daar is Christene in die Roomse Kerk en in die sogenaamde charismatiese kerke wat vas. Dit is mos hulle wat vas; ons gereformeerdes vas nie. Maar as ons so sê, maak ons asof hierdie drie verse in Matteus 6 nie in die Bybel is nie of, ten minste, nie vir ons gereformeerdes geskryf staan nie.

Maar laat ons mooi luister wat Jesus hier sê. Hy gee nie 'n bevel nie. Hy sê nie ons moet vas nie. Hy gaan van die veronderstelling uit dat die gelowiges wel vas. Hy sê dat wanneer ons vas ons dit soos die skynheiliges moet doen nie. Alhoewel die Here nie 'n voorskrif gee dat ons moet vas nie, maar veronderstel dat ons sal vas, lyk dit vir my of ons onself moet afvra of vas nie ook deel van ons gereformeerdes se diens aan die Here behoort te wees nie.

Kom ons kyk daarom eers wat dit beteken om te vas. Wanneer 'n mens vas, bly jy heeltemal sonder kos en drinkgoed of jy bly gedeeltelik sonder kos en drinkgoed. Maar nou weet ons ook dat daar mense is wat nie heeltemal sonder kos kan bly nie. Iemand wat aan suiker-siekte ly, sal onverantwoordelik wees as hy heeltemal sonder kos bly vir 'n korter of langer tyd. So 'n mens sal dan die sesde gebod oortree, want hy stel sy eie lewe in gevaar. Daarom sê ons dat vas ook beteken dat 'n mens gedeeltelik sonder kos en drinkgoed bly. Byvoorbeeld, in plaas daarvan om by 'n tafel aan te sit vir 'n heerlike gekookte ete, eet jy 'n eenvoudige maaltyd van 'n stukkie brood en 'n bietjie water. Jy vas dan deur jousef heerlike kos te ontsê.

Nou hoekom sal 'n mens homself van lekker kos en drinkgoed weerhou wanneer dit tot sy beskikking is en binne sy vermoë is om dit te geniet? Die eerste rede hoekom 'n mens vas, is omdat jy jousef voor God verneder en verootmoedig. Vas en verootmoediging gaan hand aan hand. Voorbeelde hiervan is meer as genoeg in die Bybel. Nehemia en die volk het nadat die mure van Jerusalem voltooi is, bymeekaargekom om 'n vasdag te hou (Neh 9:1-2). Hulle het nagedink oor hulle en hulle voorvaders se sondes. Hulle het belydenis daarvan gedoen en hulleself van die lekker dinge soos eet en drink weerhou. So het Daniël ook gedoen in die dae van sy en die volk se ballingskap (Dan 9:3). Hy het tot God gebid en Hom gesmeek om vergifnis vir die sondes van sy volk wat hy voor die Here bely het. Terwyl hy dit gedoen het, het hy gevas. Selfs Paulus het na sy ontmoeting met die lewende Christus vir drie dae niks geëet of gedrink nie (Hand 9:9). Hy het in hierdie tyd berou gehad omdat hy vir Christus vervolg het. Daarom het hy homself van die aangename dinge van die lewe weerhou.

Wanneer die gelowige diep in sy siel en hart gekwel is oor die sonde wat hy teen God en sy medemens begaan het, blyk dit onmoontlik te wees om jousef aan die lekker dinge van die lewe oor te gee. Is dit nie op hierdie punt dat ons onself behoort te vra hoe diep en grondig is ons selfverneder en verootmoediging voor die Here oor ons sondes? Het ons nadenke oor die onreg wat ons die Here aandoen ons al sover gebring dat ons nie kans sien om te eet of te drink nie? Het ons al regtig besef dat ons sondes so 'n groot breuk

tussen God en ons veroorsaak het dat dit God gekos het om sy Seun vir ons aan die kruis op te offer sodat die breuk geheel kan word? Miskien laat ons toe dat die lewe se vinnige pas te veel kere ons doen en late bepaal. Het die tyd nie aangebreek om ook soos die gelowiges van ouds ons lewe voor die aangesig van die Here ernstig te beskou nie?

Gebed en vas gaan ook hand aan hand. Dit beteken nie dat 'n mens met elke gebed behoort te vas nie. Uit die Bybel word dit duidelik dat wanneer gelowiges voor 'n groot uitdaging te staan gekom het, het hulle hulleself in gebed aan die Here toegewy en gevas, want hulle het die wil van die Here gesoek in 'n besondere saak. Toe Nehemia gehoor het van die hag-like toestand waarin Jerusalem en sy inwoners verkeer, het hy gevas en gebid (Neh 1:4). Hy het gevas en gebid omdat hy iets aan Jerusalem se omstandighede wou doen en wou weet of dit die Here se wil is. So het Ester en die Jode ook in die dae van hulle ballingskap gedoen. Hulle het gevas en gebid omdat hulle die Here se genade op hulle afgesmeek het, want Ester moes voor die koning verskyn om haar volk van uitwissing te red (Ester 4:16). Ook in die Nuwe Testament sien ons dit gebeur. Die kerk in Antiogië het ook gevas en gebid om die genade en seën van die Here af te smee (Hand 13:3). Die Here het hulle immers beveel om vir Paulus en Barnabas vir Hom af te sonder sodat hulle die evangelie aan die heidene kon gaan verkondig.

Geliefdes, ons almal kom die een of ander tyd voor 'n groot vraagstuk in lewe te staan. Met al ons menslike kennis en ervaring weet ons nie watter kant toe. Is dit nie dan die tyd dat ons meer gereeld tot die Here bid om sy wil vir ons duidelik te maak nie? Ons bid dan ernstig en aanhoudend met diepe afhanklikheid, want ons weet dat die Here alleen weet wat goed en reg is. Ons besef dat ons insig beperk is en ons weet dat ons besluite deur ons eie verkeerde begeertes beïnvloed word. Daarby is ons terdeë daarvan bewus dat die Here nie verplig is om sy wil aan ons bekend te maak nie. Daarom kan so 'n ernstige gebed om die wil van God ook gepaard gaan met vas. Jy weerhou jou van die aangename dinge, want jy weet jy is maar 'n sondige mens wat na die wil van die almagtige God vra.

Die nood en ellende in hierdie wêreld is nog 'n rede hoekom 'n gelowige kan vas terwyl die kos tot sy beskikking is. 'n Gelowige behoort nie onaangeraak te wees deur die nood en ellende van hierdie wêreld waarin ons bly nie. Dit is tog hierdie gesindheid wat ons by die Here Jesus self leer ken. Toe Hy op 'n keer vir die mense gepreek het en dit al laat geword het, het Hy hulle innig jammer gekry. En vir Hom was dit nie genoeg om hulle maar net jammer te kry nie. Hy het ook gewys dat Hy hulle jammer kry en iets aan hulle nood gedoen. Hy het vyf brode en twee vissies vermeerder en aan hulle uitgedeel sodat almal van hulle daarvan kon eet en versadig word.

God die Vader het ook hierdie gesindheid. Hy het die wêreld, wat vasgevang in die mag van die sonde is, innig jammer gekry. Maar dit het by Hom ook nie net by jammer kry gebly nie. Hy het gewys dat Hy jammer is en Hy het iets aan die nood en ellende van die mensdom gedoen. Hy het sy Seun mens laat word om ons van die slawekettings van die duiwel te verlos. God het die vreugde en gemeenskap met sy Seun vir 'n tyd lank opgesê sodat daar verligting en verlossing kon kom vir die mensdom wat geknel is onder die druk van sonde.

Tot hierdie gesindheid roep die Here ons ook in Jesaja 58 op. Om waarlik te vas beteken nie dat jy jou maar net van kos en lekkernye moet weerhou nie. Die soort vas wat die Here van ons verlang, is dat ons by die vas ook die dae voeg om die druk van ons naaste te verlig deur iets aan hulle nood te doen. Prakties beteken dit dat ek myself van 'n hele ete of 'n gedeeltelike ete weerhou sodat ek daardie kos of die koste van daardie ete kan gebruik om 'n ander honger mens kos te gee. 'n Ware gelowige wat in 'n hegte en intieme

verhouding met God lewe, kan mos nie sy naaste wat in verskriklike ellende verkeer maar aan sy lot oorlaat nie. Omdat die Heilige Gees ons aanhoudend in die liefde en genade van God laat deel wat Christus vir ons verwerf het, gaan ons alles in ons vermoë doen om verligting aan ander te bring. Selfs al beteken dit dat ek die lekkernye van my tafel afstaan om een mens vir een ete in 'n week versadig te sien.

Broers, susters en kinders, indien die Heilige Gees ons nou lei om vas op die een of ander wyse deel van ons diens aan God te maak, is dit nodig dat ons ook sal hoor hoe ons dit behoort te doen. Ons het reeds gehoor dat ons nie soos die huigelaars moet vas nie. Die mense met wie ons daagliks te doen kry, moenie op ons gesigte en aan ons voorkoms sien dat ons vas nie. Jesus sê ons moet voortgaan om onself te versorg en met ons daaglikse werk aangaan. Ander mense hoef nie te weet as vas deel van my gebed is omdat ek myself voor God verootmoedig of sy wil soek nie. Dit is mos 'n saak tussen jou en die Here. Hy moet jou raaksien en nie mense nie. Selfs ook wanneer ons vas om aan die nood van ander mense iets te doen, moet ons dit nie met genoegdoening aan almal vertel nie. Want dan wil ons hê dat mense ons op die skouer klop en sê hoe goed ons is. Maar ons vas ook nie sodat ons die Here se arm daarmee kan draai nie. Die vas wat die Here wil hê, is die vas wat daarop uitloop dat ons verdiep raak in ons verhouding met die Here.

Mag die Heilige Gees ons, sy kerk, so lei dat ons die Here alleen daarmee dien. En as dit sy wil is, sal die Here sy genade en seën oor ons gebied. God wil sy kinders uit genade beloon. Mag jy ook die loon van vergifnis en versoening ontvang of die duidelike antwoord op jou gebed om God se wil te ken. Mag die Heilige Gees ons gewillig en bereid maak om vir die Here alleen te lewe.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 119:52, 53 (p. 597)

- 52 As ek wandel in benoudheid, / en in diepe angs geraak,
is u woord die een en alles / waar my hart hom in vermaak.
Ewige geregtighede / vloei uit u getuienis.
Leer my daaruit so te lewe / soos die ware lewe is.
- 53 Tot U roep ek; HEER, verhoor my, / en verlos my, maak my trou,
dat ek u getuienisse / heel my lewe lank kan hou.
Op u woord steun my verwagting: / smôrens by die eerste lig
is my oë en my hande / en my stem tot U gerig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 122:1 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige oord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 Oktober 2018